



# Ligdraer

## Gereformeerde Kerk Ontdekkers

24 November 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

**Hartlik welkom aan elkeen vanoggend  
by ons ontmoeting met die Here**

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur  
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte.

Ons nooi almal  
vriendelik uit  
om na afloop  
van die erediens  
saam met ons  
'n koppie tee/koffie te geniet.



Kleuterbediening tydens  
oggenddiens:

Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

**Baie geluk aan almal wat gedurende  
Desember en Januarie verjaar.**

### ***Kersangdiens***

Daniela nooi almal uit om hierdie  
spesiale geleentheid op 1 Desember  
saam te vier. Sy vra dat elkeen asse-  
blief 'n bordjie eetgoed vir die  
gesellige kuier na die erediens sal  
bring.



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!

011 672 3810



Stuur e-pos!



[info@ontdekkers.org.za](mailto:info@ontdekkers.org.za)



[www.ontdekkers.org.za](http://www.ontdekkers.org.za)

Besoek ons webbladsy

“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

**Selfoonnommer: 060 342 3316**

**D**it is nog 31 dae dan herdenk ons as Christene die geboorte van Christus. 'n Feesdag waarop ons saam met ons familie en vriende herinner word dat Jesus Christus, die Seun van God, meer as 2 000 jaar gelede gebore is. 'n Baba is gebore en Sy naam is Jesus. Die Naam bo alle name. Hy is die Christus, die Messias.

Ons gee geskenke aan mekaar om ons te herinner dat God ons so lief gehad het, dat hy vir ons die grootste en duurste geskenk gegee het. Sy Seun, Sy enigste, om 33 jaar later aan 'n kruis op Golgota te sterf.

Hy stuur aanmekaar vir alle mense uitnodigings om die geskenk te gaan haal want dit is vir elkeen van ons bedoel. En omdat ons Sy geskenk ontdek en in geloof vat, kan ons mekaar en die wêreld om ons gedurigedeur herinner aan die woorde in Johannes 3:16: "God het die mensdom só liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewig lewe sal hê."

Ons kan nie daarvoor stilbly nie, ons HET die grootste en duurste geskenk ontvang.

'n Geseënde Christus-fees vir julle elkeen.

Liefde Hendrik en Mockie

'n Briefie van JC en sy gesin:

"Hiermee wil ons graag 'n ieder en elk van die gemeente bedank vir julle onvoorwaardelike ondersteuning en liefde die afgelope jare. Afgelope Sondag was vir ons 'n baie spesiale dag en ons gaan julle almal baie mis...ons kan eerlikwaar sê dat ons die liefde van die gemeente vir mekaar en ons tasbaar kon voel. Die besluit om te trek is nooit ligtelik geneem nie en dis met 'n swaar hart dat ons totsiens sê, maar terselfdertyd sien ons uit na nuwe dinge en uitdagings wat voorlê.

Liefde groete, JC, Heleen, Jeandré en Christiaan Cloete"

**NEEM KENNIS: Die kerkkantoor sluit op Dinsdag, 10 Desember 2019, en open Maandag, 6 Januarie 2020.**

**Dink asseblief in julle gebede aan:**

- ❖ **Hilda van der Walt** wat 'n operasie ondergaan het.
- Ons herinner almal wat **koekies** kan bak of koop en **lekkergoed** om dit vanaf 25 November by die kerkkantoor af te gee. Almal is welkom om op Saterdag,

**30 November**, die pakkies vir die senior lidmate te kom help **pak**. Die lekkergoed pakkies is vir die kindertjies wat saam met die borde kos uitgedeel gaan word.

- Baie dankie aan Sheldon en Antoinette van Niekerk wat die organisering van **“Dump Side Ministries”** op hulle geneem het. Baie dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Indien jy kan help kos maak en borde voorberei kontak vir Sheldon – 071 853 4743.
- Die jaarlikse Frankfort Riviertoeer vind vanaf 1 - 4 Desember plaas. Udolpho Kampterrein naby Parys en 6 hoërskool leerlinge, Nardus van der Walt en Hendrik gaan saam kamp.
- Indien jy een van die gelukkiges is wat volgende jaar gaan studeer dan is hierdie inligting vir jou. **Eerstejaarskampe** wat bygewoon kan word is Stellenbosch, die GK Die Bult, die GK Cachet in Potchefstroom, Bloemfontein, Pretoria en **verblyf in Potchefstroom**. Die inligting is in die kantoor beskikbaar.
- Die **kampnaweek** is bevestig en al wat jy moet doen is om jou plekkie vir die naweek van **28 Februarie 2020** by **Weaver’s Roost Resort** te bespreek. Dit is 17 km op die Hekpoort pad vanaf Krugersdorp geleë. Skakel: 082 890 1492; stuur e-pos: [hello@weaversroost.co.za](mailto:hello@weaversroost.co.za) of besoek [www.weaversroost.co.za](http://www.weaversroost.co.za) vir meer inligting.

Abortion is when a baby gets the death penalty for someone else's actions

Worry is a conversation you have with yourself about things you cannot change.

Prayer is a conversation you have with God about things He can change.

When it's not in God's time, you can't force it.  
When it is God's time, you can't stop it

*I don't have time to worry about who doesn't like me  
I'm too busy loving the people who love me.*

## OGGENDDIENS

**TEMA:** Christus: God se grootste GESKENK!

### Stemmingsliedere

Lied 353:1&2  
Lied 329  
Lied 364:1&3

### Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet  
Lied 345:2&3  
Geloofsbelydenis: Nicea

### Versoeningsdiens

Skriflesing: Johannes 13:34-35  
Lied 334:1-4

### Woorddiens

Gebed  
Lied 353:2-3  
Skriflesing: Jesaja 8:23-9:6  
Fokusvers: Jesaja 9:5

### Antwoorddiens

Gebed  
Sb. 4-6  
Groetseën  
  
AMEN

## AANDDIENS

**TEMA:** Gebore uit 'n MAAGD?

### Stemmingsliedere

Lied 366:1&2  
Lied 370:1&5  
Lied 168:1-3

### Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet  
Lied 12-3:1&3  
Sb. 12-2:1&2

### Woorddiens

Gebed  
Skriflesing: Lukas 1:26-38  
Fokusvers: Lukas 1:35

### Antwoorddiens

Gebed  
Lied 169:2&3  
Groetseën

AMEN

Sb. 20-2:1&4&7

Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.